



God Weet Alles

As hulle oud genoeg is, gaan alle seuns en dogters skool toe. Hulle gaan skool toe om te leer. Daar is so baie om te leer.

Maar God gaan nooit skool toe nie. God het nie nodig om te leer nie. God weet alles.

God weet dinge wat ons nie kan weet nie. Hy weet hoeveel sterre daar bo in die lug is. Hy roep die sterre by hul naam.

God weet dinge wat ons nie kan sien nie. Hy weet hoe diep en wyd die groot bome se wortels onder die grond groei. Hy weet ook hoe hulle die water al deur die takke en stingels tot in die blaartjies stuur.

God weet alles wat in die donker gebeur. Niemand kan vir Hom wegkruip nie, nie eens in die donkerste nag nie.

God weet ook alles wat in ons harte is. Hy weet wat ons dink. Hy weet van elke geheim. God weet alle dinge.

Die Bybel vertel ons van 'n baie belangrike koning, Nebukadnesar. Een nag het Nebukadnesar 'n baie snaakse droom gehad. Toe hy wakker word, kon hy nie onthou wat hy

gedroom het nie. Dit het hom baie ongelukkig gemaak.

Die koning het sy wyse manne geroep en vir hulle gesê, "Vertel vir my wat ek gedroom het!" Maar hulle kon dit nie vir die koning vertel nie. Hoe sou hulle kon weet wat die koning gedroom het? Toe was die koning baie kwaad.

Daniël was een van die koning se wyse manne. Daniël sê toe, "Ek sal God vra wat die koning se droom was."

Daniël sê, "God weet alle geheime dinge. Hy weet selfs wat in die donker is. Hy weet selfs ons drome." Daniël het gebid en vir God gevra, en God het hom vertel wat die koning se droom was. God het dit al die tyd geweet. En toe het Daniël dit vir die koning vertel.

God weet selfs al die dinge wat nog gaan gebeur. Ons maak planne en sê, "Môre gaan ek uit om te speel" of "Môre gaan ek skool toe." Maar ons is nie seker oor wat ons môre gaan doen nie. Net God weet vir seker wat ons môre gaan doen. Net God weet wat môre gaan gebeur, en die dag daarna en volgende jaar...

God is baie groot. Hy weet alle dinge.

Gesels hieroor:

1. Hoekom gaan seuns en meisies skool toe?
2. Moet God ook dinge leer?
3. Hoeveel weet God van jou en van my?

'n Deel van die Bybel word die boek van die Psalms genoem. Psalm 139 vertel vir ons dat God elke klein dingetjie van jou en van my weet. Die man wat Psalm 139 geskryf het, het vir God gesê,

U ken my sit en my opstaan (Psalm 139:2).

Weet jy wat dit beteken?

Wat ons kan lees:

Psalm 139:1-10

Wat ons kan sing:

Daar niks wat U nie weet, o Heer
Uit hoë hemel sien U neer,
Al wat ek doen, of waar ek gaan
As ek gaan sit en as ek staan;

Selfs wat ek dink, of graag wil hê,
ja elke woord voor ek dit sê...
As ek wil wegkruip, U is daar
Hoe groot is U, hoe wonderbaar!

Gebed:

o Here, dis so wonderlik om te dink dat U alles weet. U sien my hart as ek stout is. U sien my as ek probeer om lief te wees. Help my, liewe Vader, om goeie dinge te doen om Jesus wil, omdat Hy ons so liefhet! Amen.

Marian Schoolland

© 2018

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*